**EKONOMIE GR 10: WERKOPDRAG MODULE 2 EENHEID 2: PRYSVORMING (1)** (Vraag en pryse) ***<u>MEMORANDUM</u>***

**’n Huisvrou het as gevolg van die bewyse dat die chemiese skoonmaakmiddels skadelik is vir die omgewing, begin om asyn as skoonmaakmiddel te gebruik, omdat asyn ’n natuurlike produk is en nie skade doen aan die omgewing nie. Sy koop tans10 liter asyn per maand teen R10 per liter. Sy meen dat as die prys daal na R8 per liter, sal sy 12 liter per maand koop, maar as die prys styg na R12 per liter is sy bereid om slegs 8 liter asyn per maand te koop.**

**1 Hoe reageer hierdie huisvrou se aankope op die styging in die prys van asyn?**

As die prys styg koop sy minder asyn.

**2 Wat was die huisvrou se aanvanklike motivering om asyn as skoonmaakmiddel te gebruik?**

Omdat dit ’n natuurlike produk is en nie die omgewing benadeel nie.


**3 Hoe sal die huisvrou reageer as daar ’n soortgelyke nie-skadelike skoonmaakmiddel teen ’n laer prys as asyn op die mark verskyn?**

Die huisvrou sal die soortgelyke produk met die laer prys koop.

**4 Kom die huisvrou se aankope van skoonmaakmiddels ooreen met die wet van vraag?**

Ja. As die prys styg koop sy minder en as die prys daal koop sy meer.

**5 Trek ’n grafiek om die huisvrou se vraag na asyn te illustreer.**




**6 Wat (a) word dit genoem as huisvrouens in die algemeen bereid is om teen elke prys in die grafiek, meer asyn te koop? (b) Hoe sal so ’n situasie op bostaande grafiek voorgestel kan word?**

(a) ’n Toename in die vraag na asyn. (b) Deur ’n nuwe vraagkurwe regs van die bestaande kurwe te trek.